**Sondag 3 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 1:5-25**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:17**
**Is jy voorbereid vir die Here se koms?**

In die Antieke Wêreld is ’n boodskapper voor ’n koning uitgestuur om die inwoners van die land op sy koms voor te berei. Sagaria en Elisabet se seun, Johannes, was bestem om die Messias se voorloper te wees. Sy geboorte-aan-kondiging is die vervulling van verskeie Ou-Testamentiese profesieë (Jes. 40:3; Mal. 3:1).

Johannes sou voor die Here uit gaan *“in dieselfde gees en krag as Elia”*. Maleagi 4:5-6a het voorspel: *“Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag. Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen …”*

Elia was ’n prominente figuur in die Ou Testament. Min ander het soveel krag van God ontvang. Sonder huiwering het hy sondaars gekonfronteer. God se oordele aangekondig. Ryk of arm, koning of slaaf, priester of soldaat, maak nie saak nie, Elia het gepreek! Op sy bevel het dit vir drie en ’n half jaar nie gereën nie. In antwoord op sy gebed het God vuur uit die hemel gestuur op Karmel. Vreesloos en moedig het hy sy profetiese roeping uitgevoer.

As ons aan Elia dink, dink ons dadelik aan Johannes. Daar was baie ooreenkomste: sy klere, sy kos, sy woonplek in die woestyn en sy vurige preke. Johannes was egter selfs nog groter as Elia. Jesus getuig: *“Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter as Johannes is nie”* (Luk. 7:28).

Waarom was Johannes so groot? Lukas 1:17 dra die sleutel! Die Doper het uitgegaan *“in dieselfde gees en krag as Elia”*. Dit was God se krag wat in en deur hom gewerk het. Dit was die Almagtige wat hom voor sy geboorte al met die Heilige Gees vervul het. Alles wat hy gedoen het, getuig van krag. Hy het nie geskroom om God se Woord te verkondig nie. Nie gehuiwer om mense oor hulle sondes te vermaan nie (Luk. 3:7). Hy was nie bang vir soldate nie (Luk. 3:14), het selfs koning Herodes oor die kole gehaal (Luk. 3:19). Vir almal wat wou luister, het hy gepreek: *“Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe”* (Luk. 3:2). Ken ek en jy die krag van die Heilige Gees in ons lewe?

Johannes se opdrag was om die volk vir Koning Christus se koms gereed te maak. Wat het hierdie voorbereiding behels? Hoe lyk ’n volk, ’n gemeente, wat voorbereid is? Twee woorde: versoening en bekering! Mense wat met mekaar en God versoen is. Mense wat in liefde en vrede met God en naaste leef. Ongehoorsames wat hulle tot God bekeer en getrou op sy Koninkryks-weg bly (Luk. 1:17). Dis presies waarvoor Jesus Christus gestuur is. Dit alles het Hy volmaak volbring! Wat ’n genade!

Is ek en jy gereed vir die Here Jesus se koms? Nie net nou in die Kersgety nie, maar is ons gereed vir sy wederkoms? Mag die Heilige Gees ons waarlik voorberei en gereedmaak.

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*